**Skriflesing: Efesiërs 4 vers 1 tot 16**
**Tema: Gebruik jou gawes**

Jesus het die Satan oorwin. Die eerste groot geveg en Jesus ontwapen die Satan aan die kruis. Jy gaan nie langer enige vorm van mag dra nie. Die mag is gebreek. Paulus skryf ook daar in Efesiërs van die "thrihambos" wat hy vier oor die oorwinning oor die duiwel.

Maar nou kom Paulus in Efesiërs 4 en hy vat hierdie beeld van oorwinning verder. Paulus wil seker maak dat elke Christen weet dat my God 'n thrihambos-tog het en Hy het vir my in daardie oorwinningstog geveg en Hy het gewen. Ek hoef niks te doen nie. Hy het betaal en Hy het die grootste moontlike gevaar en vyand verslaan.
Maar nou kom Efesiërs 4 in spel en dis 'n vreemde teks maar jy gaan nou verstaan. In vers 7 haal hy Psalm 68 aan. En ek het vir baie lank nie lekker verstaan nie, maar jy moet die beeld van die oorwinningstog verstaan om sin te maak van die teks.

> *Vers 7 tot 8: Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. Daarom sê die Skrif:*
> *"Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee."*

Dink gou weer aan die oorwinningstog: as jy gewen het, het jy die krygsgevangenes saam met jou geneem as bewyse. Jy wou hê mense moet sien wie jy oorwin het. Nou kom Paulus en vertel dat toe Jesus hemel toe gevaar het, Hy krysgevangenes saam met hom geneem het en geskenke aan mense uitgedeel het. En hierdie uitdrukking

> *Vers 9 – 12: Hierdie uitdrukking: "Hy het opgevaar", veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.*

Paulus vat die oorwinningstog so 'n bietjie verder. Hy vertel dat Jesus aan die kruis die oorwinning behaal het en toe het hy gou daar in die hemel Sy vyande vir die hemel gaan wys. Dit lees ons daar in Openbaring 12. Kyk wat Jesus gedoen het: Hy het die duiwel as krysgevangene hemel toe geneem. Hy het die hemel gaan wys hoe lyk die verslaande vyand vir die hemel. As jy Openbaring 12 lees sal jy lees dat die groot beskermengel van die hemele toe vir die duiwel uit die hemel laat gooi het. Nee, dankie, julle kan hom nou maar weet uitvat. Dankie, ons het gesien.

Efesiërs 4 vertel dus dan nou vir ons dat Jesus ook die hemel Sy oorwinning gaan wys het. Hier staan die gebroke en verslaande duiwel as bewys. En dan deel Hy geskenke uit aan sy kerk. Na 'n groot thrihambos het die Romeine gewoonlik 'n klomp geskenke uitdeel soos die prosessie aan die beweeg was.

Paulus skryf dat Jesus ook loop en geskenke uitdeel soos Hy aangaan. Die enigste verskil is nou dat wanneer Jesus geskenke gee na Sy oorwinning, dan is dit mense aan Sy kerk: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars... om ander mense toe te rus. So God gee ons as geskenke vir mekaar. Mense wat ander moet toerus vir hulle diens in die Koninkryk van God.

In die kerk kry mens ongelukkig mense wat steeds na al Paulus se briewe en skrywes na die arme ou gemeentebestuurder, pastoor, dominee of jeugwerkers kyk as daar werk gedoen moet word. Dis soos daardie klein groepie mense wat altyd uitwys wat verkeerd is in die kerk of erediens. Hulle sal week vir week, jaar na jaar besig wees om te sê wat verkeerd is maar hulle sal nie wakker word vanuit hulle geloof-slaapsessie om te besef dat hulle die antwoord is nie. As 'n bediening van die kerk nie volgens ons smaak funksioneer nie dan moet ons onsself bereid willig verklaar om te help.

Gelukkig is daar 'n groot groep mense waarvan die individue besef dat 'ek' 'n geskenk is vir Kraggakamma Gemeente. Ek is die een wat hier neergesit is om te dien en reg te maak as daar iets is wat nuut gemaak moet word want ons is onder permanente konstruksie. Die bordjies wat ons oor gepraat het, moet eintlik opgesit word – Under permanent construction of the Holy Spirit. Daar is nie een of ander misterieuse wonder komitee wat alles doen nie. Dis mense en mense gawes wat die kerk laat werk soos hy werk. So 'n paar jaar gelede kry ek 'n oproep van 'n man wat net wil sê dat hy en sy gesin van kerk gaan verander, maar dankie vir alles wat ons vir hulle gedoen het. Toe ek vra waarom hulle skuif, sê hy vir my omdat hulle in 'n kerk wil wees waar alles klaar reg werk en alles vlot verloop. Hy wil nie in die kerk sit en dan nog hoor hoe die mikrofoonstelsel nie werk nie. Ironies genoeg het hy 'n klankbesigheid. Ek was verlig toe hy sê hy loop, omdat ons mense nodig het wat hulle gawes, tyd, kennis, hart en passie sal loslaat in hulle geloofsgemeenskappe. Ek was hartseer vir die kerk waarheen hy op pad was, omdat hy baie vinnig daar weer iets sou vind wat nie reg is nie.

Die warm vraag wat Paulus in Efesiërs vra is eenvoudig en vir sommige reguit: Watter geskenk is jy vir die mense van Kraggakamma Gemeente? Op watter manier kom jou gawe tot sy reg? Sommige mense se gawes is so versteek dat jy dit nooit sal hoor of sien as jy nie weet dis daar nie. Ander mense daag hier op en skuur deure af en vernis dit of kom maak die plante mooi. Sommiges daag sommer net op en bid vir ander. Ander weer is soos 'n lopende thrihambos soos hulle aangaan.

Hoekom kan ons so opgewonde word oor die Bulls, Sharks en Kings? Ons leef vir daai oorwinnings en ons sal amper enige iets doen om hulle te help om die Currie beker te wen. Op dieselfde manier roep Paulus jou om aan te sluit by Jesus se oorwinningsoptog. Christus het gewen. Hy het jou gewen, jou skuld afbetaal en jou vyand verslaan.Hy het die dood gewen, aan die regterkant van die Vader vir jou plek gemaak en geskenke uitgedeel vir jou om te deel met ander. Hy het jou nou amptelik opgetrek na die eerste span. Hy het jou met sy geur en aroma besproei. Jy ruik nou soos die aroma van God wat jy afgee soos jy aanbeweeg. Gaan en gaan ruik lekker vir die Here sodat ander kan ruik en leef.

**AMEN**